Les 2 VERLOSTE KINDERS: ONS DOOP WYS ONS ONS IS VERLOSTE KINDERS

Opsomming: Ons is gedoop met water, in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Dit wys ons dat ons in Christus ingedoop is. Ons deel alles met Christus: Syne is myne. Kinders van God glo hulle deel alles met Christus.

Kernvers wat kinders kan opsê, onthou of kan verduidelik. Galasiërs 3 vers 27: " [27] *want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee."*

**1. Ons is gedoop**

Kom ons gesels oor ons doop. Wie van julle kan ons vertel wat gebeur as jy gedoop word? Jou pa en ma vat jou vorentoe in die erediens. Die dominee vat die water in die doopbak drie keer met sy hand en doop jou drie keer met die water. Terwyl hy jou met die water doop, sê hy: "Ek doop jou in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees".

Hierdie waterdoop is 'n teken van die Here waarmee Hy ons merk.

Hierdie merk wys dat ons verloste kinders van die Here is. Ons gaan die hele jaar lank kyk wat dit beteken om verloste kinders van die Here te wees. Ons doop is die teken wat die Here gebruik om vir ons te wys wat dit beteken om 'n verloste kind van die Here te wees.

**2. Ons is in Jesus Christus ingedoop**

Kom ons lees saam uit die die Bybel, uit die brief Galasiërs: *"[26] Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; [27] want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee."*

Kom ons kyk weer na vers 27: "[27] *want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee."*

Ons word in Christus gedoop. Dit is hoekom julle met water gedoop is. Om te wys dat julle in Christus gedoop is. Kan julle sien dit is twee verskillende dope? Die een doop is net 'n doop met water. Hierdie doop is net 'n teken. Maar die ander doop is nie 'n doop met water nie. Dit is regtig. Ons word regtig in Christus ingedoop.

**3. Soos koffie in beskuit gedoop word**

Hoe is dit? Om in Christus ingedoop te wees?

Dit is soos met koffie en beskuit. Ons vat beskuit en dan doop ons die beskuit binne-in die koffie in. Wanneer ons beskuit in koffie indoop, gebeur daar iets. Die koffie wat in die beker was, is nie meer net binne-in die beker nie. Nou is die koffie ook binne-in die beskuit.

Kom ons kyk weer na ons teksvers:

"[27] *want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee."* Om jou te beklee beteken om jou aan te trek. Wanneer jy in Christus gedoop is, dan trek jy Christus aan. Dit is wat met die beskuit gebeur! Wanneer dit in die koffie gedoop word, dan trek dit die koffie binne-in die beskuit in. Dan het die beskuit koffie aangetrek.

Dit is wat gebeur wanneer ons in Christus ingedoop word. Hy word deel van ons, en ons word deel van Hom.

**4. Soos ’n loot ingeënt word**

Die Bybel wys vir ons met ’n ander voorbeeld hoe ons in Christus ingedoop word. Kom ons lees dit in Romeine hoofstuk 11: *“[24]As God jou uit die wilde olyf, waar jy van nature hoort, kon uitkap en teen jou natuur in op die mak olyf kon ent, hoeveel te meer sal Hy die mak takke op hulle ou boom ent.”*

Wie van julle weet hoe werk inenting?

Inenting werk só! ’n Boer vat ’n takkie van ’n swak boom en sny hom so skuins af. Dan stap hy na ’n baie goeie boom toe. Hy sny dan een van hierdie boom se takkies óók so skuins af. Dan vat hy die takkie van die swak boom en pas dit mooi op die takkie van die goeie boom. Dan draai hy hierdie twee takkies styf vas teen mekaar. Hy las hierdie twee takkies aan mekaar sodat hulle nou een takkie word.

Raai wat gebeur dan? Dan gaan al die water en kos wat die goeie boom uit die grond haal, deur hierdie takkie van die boom, binne-in die takkie wat aangelas is. Nou kan hierdie takkie alles kry wat binne-in die boom is.

Dit is hoe dit werk as ons in Christus ingedoop word. Ons word ingelas op Christus. En dan kry ons alles wat Christus s’n is en word dit alles ons eie. Net soos die koffie die beskuit se koffie word.

**4. Kinders van God is ingedoop en ingeënt in Christus**

Dit is hoe die Here ons verlos. Dit is hoe ons die Here se verloste kinders word. Hy verlos ons deur ons in te doop en in te lyf binne-in Christus. Omdat ons ingedoop en ingelyf is in Christus, deel ons alles wat Christus is.

Ons kan dit op hierdie manier sê: Syne is myne.

Verlossing is nie iets wat ons van God kry soos iemand ’n present kry nie. Verlossing is om alles met Christus te deel wat Syne is.

Dit is hoe kinders van God glo! Hulle glo alles wat Christus s’n is, is ook hulle s’n. Kyk hoe sê die vers dit: *“[26] Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; [27] want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee.”* Kinders van God glo hulle is ingedoop in Christus. Soos beskuit in koffie ingedoop is. Kinders van God glo alles wat Christus is, deel hulle met Christus. Soos koffie binne-in beskuit intrek en deel word van die beskuit. En net soos ’n takkie wat ingeënt is, alles kry wat die boom uit die grond uithaal.

**5. Geloof is om alles te ontvang wat Christus s’n is**

Hierdie jaar gaan ons kyk hoe ons in Christus glo. Geloof is om alles wat Christus s’n is en wat ons s’n geword het, te glo. Dit is wat ons gaan doen! Ons gaan kyk wat is alles die Here s’n, wat ook ons s’n geword het.

Dit is wat ons elke keer moet onthou: ons moet glo! Ons moet glo alles wat Christus s’n is, is ook myne.

Dit is net soos met julle ouers. Julle is ingesluit en deel alles wat julle ouers s’n is. Hulle huis is jou huis. Hulle kar is jou kar. Hulle geld is jou geld. Hulle kos is jou kos.

Om jou ouers se kind te wees, beteken alles wat hulle het, deel jy met hulle. Dit is hoe ons kinders van God is. Alles wat Christus het, deel ons met Christus.

Kan julle dink hoe simpel sal dit wees as jou pa en ma ’n huis, ’n kar en geld het, maar jy glo jy het nie ’n huis nie en jy het nie ’n kar nie en jy is arm! Watter kinders dink só: my pa is ryk, maar ek is ’n arm kind? Die enigste kind wat só kan dink, is ’n kind wat ongelowig is. Dit is ’n kind wat nie glo hy deel alles wat sy pa s’n is nie.

Ons is kinders van God. Ons glo! Ons glo ons deel alles met die Here wat Syne is.

**6. Opsomming**

Ons is gedoop met water, in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Dit wys ons dat ons in Christus ingedoop is. Ons deel alles met Christus: Syne is myne. Kinders van God glo hulle deel alles met Christus.

**Opdrag**: Gaan vra bietjie vir Pa en Ma wat wys die doop met water vir kinders?

Dan vertel julle vir hulle dit wys ons is ingedoop in Christus. Onthou die voorbeeld van beskuit in koffie indoop: die koffie word deel van die beskuit. Ons deel alles met Christus omdat ons in Hom ingedoop is.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

________________________________

Handtekening: ouer of voog